

Augustus 2006

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Regstelling

Net 'n regstelling op bl. 1 onder die opskrif: *Nog iets oor rugby*. In 1873 was De Volksstem nog 'n Hollandse blad (nie 'n Afrikaanse blad nie) en is Volksstem nog met twee s'se gespel. Linda Brink

Van M.C. Heunis

Dankie vir die nuutste nuusbrieff. Een opmerking. Ek is nie veel van 'n sportmens nie, maar die feit dat "vele spelers met blaauwe schenen afkwam" sê vir my die Pretorianers se eerste voetbalwedstryd was in werklikheid 'n sokkerwedstryd en nie rugby nie. In die ou dae was sokker baie meer gewild as rugby. Die OVS Artillerie het byvoorbeeld een keer 7-0 teen Jagersfontein se span verloor (waarskynlik 'n klomp Engelse myners wat meer vertrouwd was met die spel!) Ek heg 'n foto aan van die OVSAC se span, let op Gideon Scheepers sit voor in die middel.



Nou vir Time Ball Hill. Tydens die 1880-1881 beleg van Pretoria het die Engelse 'n fort op die kop gehad. Fort Tullichewan (hoop dit is reg gespel!) waarvan mens nog die fondasies en kanonammunisiegat kon sien. Toe ek die anderdag by die VTM kom sien ek vir die eerste keer die "Freedom Park" bouery wat tans op die heuwel aan die gang is. Tot my skok lyk dit vir my daar is bo-oor die fort gebou. Is daar dalk iemand wat kan bevestig of dit wel die geval is en indien so hoe iemand toegelaat is om oor so 'n historiese terrein te bou. Groete MC

Soek die verskille.

Foto A verskyn in ENG-01 p16 met die volgende byskrif: In 1867 het dr. G. Wangemann, direkteur van die Berlynse Sending-genootskap 'n besoek aan Suid-Afrika gebring en 'n tydjie in Pretoria vertoef waar hy etlike samesprekings met president Pretorius gevoer het. Na sy terugkeer het hy 'n reeks boeke geskryf en daarin van sy eie tekeninge opgeneem waarvan hier drie verskyn. Die eerste is 'n tekening van Pretoria in 1867. Die gebou regs op die voorgrond [regs van die rondawel] was die huis van eerw. J. Knothe in Visagiestraat, tussen van der Walt- en Andriesstraat. Die sendingkerk was daar naasaan nader aan die straathoek. Die gebou met die twee gewels op die agtergrond [links van die rondawel] was die kerk op Kerkplein soos in 1857 vergroot.

Foto B verskyn in ENG-04 p130 met die volgende byskrif: Die dorp Pretoria gesien van 'n punt suid-oos van Kerkplein soo op 27 April 1867 geteken deur die besoekende Duitse sendeling August Prozesky. [Oorspronklike in die Transvaalse Museum; hier vir die eerste maal gepubliseer.]

Foto B nog 'n afdruk verskyn in BOL-01 p17 met die volgende byskrif: Dr. T.H. Wangeman. Pretoria 27 April 1867. Pencil Sketxh, 33 x 50 cm. Collectuin National Cultural and History Museum, Pretoria.

Foto A





Foto B



Nou is die vraag: **Wie was die kunstenaar? Wangeman of Prozesky? Watter skets is die oorspronklike en watter een is 'n kopie?**

August Prozesky

Geen verdere inligting in my versameling.

Hermann Theodor Wangeman [1819-1894]

Dr. Wangeman was 'n direkteur van Berlynse Sending Genootskap en besoek Suid Afrika van Oktober 1866 tot September 1867 en weer later in 1884. Hy het verskeie boeke gepubliseer wat beskrywings, sketse en tekeninge bevat wat hy op sy reise gemaak het.

Die insident toe hy van sy perd geval het by sy aankoms in Pretoria [laat middag van 25 April 1867] word kostelik beskryf in Bolsma se boek. Die aand word daar Bybelstudie gehou en die volgende dag [Vrydag 26 April 1867] word hy deur president Pretorius ontvang.

Volgens dr. Wangeman is die klein huisie regs op die voorgrond die woning van eerw. F.J.C. Knothe wat saam met eerw. J.D.O. Sachse op 4 Augustus 1866 die Pretoria Sendingsstasie gestig het op vier erwe wat deur die Berlyn Sending Genootskap aan hulle geskenk is. Eerw. Sachse was 'n opgeleide grofsmid met ondervinding van homeopatie. President Pretorius was ook een van sy pasiente.

Dr. Wangeman verwys na die rondawel regs van eerw. Konthe se huis an die "Kochhäuser" of klein kombuisie. Die huis links was 'n tydelike kapel wat in 1869 vervang word deur die Lazarus Kapel.

Inligting verkry uit BOL-01 p16-18; p338 en PR-53 p28. Nog een van dr. Wangemans se sketse [van die Sendingstasie by Skoolplaats] kan u sien in die Pretoria brief van Oktober 2005.

Bronne geraadpleeg.

- BOL-01 Bolsmann, Eric **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001** Protea Boekhuis 2001
- ENG-01 Engelbreght, S.P. [red] **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu.** J.L. van Schaik Beperk., Pretoria 1952
- ENG-04 Roodt-Coetzee, K. **Die Republikeinse Pretoria: Kultureel en Sosiaal.** [Pretoria 1855-1955. Geskiedenis van die stad Pretoria. Red. S.P. Engelbreght. Wallachs' P. & P. Ltd. Pretoria]
- PR-05 Van Eck, K.M. **Die Voorstad Groenkloof, Pretoria, en die herkoms van sy Straat- en Parkname.** [Pretoriana Nommer 53 [April] 1967]

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel